# BOEKBESPREKING.

**A. J. H. Prins: „Oud en Nieuw in Zwart Oost-Afrika.** (Struktuurveranderingen in het Noordoost-Bantoegebied). Openbare les gehouden bij de aanvaarding van de leeropdracht in de volkenkunde en de vergelijkende volkenkunde aan de Rijksuniversiteit te Groningen op 10 October 1951; J. B. Woltjers, Groningen, Djakarta; pag. 28; f. 0.90.

Vir die Suid-Afrikaner wat enigsins belangstel in die aktuele rasseverhoudingsvraagstukke van die Unie en sy buurstate, is hierdie gepubliseerde intreerede van prof. Prins 'n lesenswaardige stuk. Dit is 'n sosiologies-volkekundige benadering van die sosiale veranderingsprosesse wat aan 't plaasvind is onder die Bantoe van Suidoos-Afrika. Suiwer akademies gesien, tref dit dat prof. Prins blykbaar meer Anglo-Amerikaans georiënteer is, insoverre hier 'n minder skerpe onderskeiding tussen die grense van die Sosiologie en die Volkekunde gemaak word as op die Europese vasteland (sy dit dan ook meer prakties-willekeurig as wesentlik). Hy bedien hom dan ook hoofsaaklik van terminologie uit die kring en van die (vir die Afrikaner minder aanneemlike) gebruik om Engelse woorde (nie net moeilik vertaalbare vakterme nie) huid en haar oor te neem. Maar ook van materiële belang is die feit wat uit die bespreking blyk, dat die onderskeid al moeiliker te handhaaf is met betrekking tot die gemengde samelewings namate die Bantoe besig is om die sogenaamde „primitiewe" kultuurstaat te ontgroei. Hierin lê dan ook die kern van die behandelde vraagstuk.

Nadat prof. Prins die aandag gevestig het op die invloed van faktore soos die geografiese omgewing op die samehang van lewensgroepe, op die verskeidenheid van hierdie groepe by die Bantoe en op die dinamiese veranderingsproses, bespreek hy aan die

hand van volkekundige gegewens die sosiologiese verskynsel van die oorgang van op afstamming, bloedverwantskap, woongebied en ouderdom gebaseerde **funksionele** groepe na die belange-bepaalde **doelgemeenskappe.** Eersgenoemde is in werklikheid **lewensgemeenskappe** in die sin dat dit feitlik, indien nie geheel-en-al nie, die volle lewe van die lede daarvan beheers, terwyl lg. „single purposive", slegs op een doel gerig is.

Die patroon is in beginsel min of meer dieselfde as wat ons in Suid-Afrika beleef. Die tradisionele groepe verloor hulle houvas grotendeels deur die invloed van die lewenswyse en kultuur van die blankes.. Instede daarvan tree op die voorgrond (1) politiek-gekleurde verenigings met utopies eensydige programme en met gefrustreerde halfintellektuele ontevredenes in die leier-korps; (2) verenigings van werkers wat onder 'n vakverenigingsvlag 'n politieke lading voer, en (3) kwasi-Christelike religieuse groepies met separatistiesgeneigde fanatici as leiers en dikwels met brandstigting, moord en dreigemente as deel van hulle optrede.

Die rede gee 'n beeld van 'n ingrypende oorgangsproses wat nie noodwendig tot desorganisasie hoef te lei nie. Maar dit bevat ook vir ons 'n woord van lering en waarskuwing in die konklusie dat die oorgang en die groter individuele losheid uit die vroeëre groepsbande 'n verontrustende hoeveelheid sosiale energie vrystel, „die ongeleid en ongebonden, tot typische destructieve uitingen leidt, of op ongewenste wijze in subversieve doelgroeperingen van religieuse of politieke aard opgevangen wordt".

J. H. COETZEE.

P.U. vir C.H.O.

Junie 1952.

**Dr. P. J. S. de Klerk: "Woorde en Dade van Jesus"**; uitgawe J. L. van Schaik, 1951; pp. 197, prys 15/-.

Voor my op die tafel lê die magistrale werk van prof. dr. J. H. Bavinck: **Geschiedenis der Godsopenbaring,** deel II, **Het Nieuwe Testament.** Ek het al baie gewonder, nou dat ons Afrikaanse kinders nie meer die Nederlands so goed verstaan nie en dit 'n hele inspanning verg om dit te lees, en dit daarby 'n boek is van 700 bladsye, of dit nie moontlik sal wees om dit in verkorte vorm en in Afrikaans beskikbaar te stel aan 'n hongerende (miskien verhongerende) leserspubliek wat vra na skriftuurlike leesstof nie.

Aan hierdie behoefte het dr. P. J. S. de Klerk nou voldoen deur gemelde werk in sodanige vorm onder 'n ander titel te laat verskyn. Dit sal seker gretige lesers vind.

Dit is tog eienaardig dat onder die woorde en dade van Jesus die geskiedenis van die opwekking van Lasarus nie 'n plek vind nie. Na hierdie gebeurtenis word slegs verwys in een enkele sin tydens die maaltyd in Betanië. Die woorde en dade van Jesus tydens hierdie voorval was tog so uiters belangrik, ook om die verhoor voor Annas te verstaan, wat tog onmiddellik ondersoek ingestel het na sy dissipels en sy leer—maar eers tog na sy dissipels. 'n Beraming van die volgelinge-aantal, wat aanmerklik versterk geword is (Joh. 11: 45) by die opwekking van Lasarus, sou welkom wees vir Annas.

Die prys van die boek is myns insiens hoog, te hoog vir 'n werkie van hierdie omvang. Dit is egter goed gebind.

S. P. v.d. W.

**Dr. F. A. van Jaarsveld: „Die eenheidstrewe van die republikeinse Afrikaners".** Deel 1. Pioniershartstogte (1836-1864). Impala Opvoedkundige Diens, Johannesburg, 1951. Prys 30/-.

Soos in die voorwoord verduidelik, is hierdie werk oorspronklik in breër opset onder die titel „Die politieke betrekkinge tussen die S.A. Republiek en die O.V.S., 1836-1899" as 'n doktorale proefskrif aan die Ryksuniversiteit van Groningen, Nederland, voorgelê. Die skrywer is van plan om die res later in twee vervolgende dele uit te gee, nl. "Worsteljare en Nasionale Besef" wat die geskiedenis tot 1881 behandel en 'n derde deel wat die onderwerp tot 1902 voer. Die werk onder bespreking behels die volgende temas: Grondslae van die wedersydse betrekkinge van die susterrepublieke tussen die Oranje en Limpopo, Om die Vaalrivier as grenslyn, 1848-1854, en Pogings tot vereniging, 1854-1864.

Die materiaal wát die skrywer aanbied, is meerendeels bekend, maar wat wel verfrissend is, is die nuwe benadering van die onderwerp en veral die interessante ontleding van feite. In hierdie opsig het die skrywer 'n eie weg ingeslaan en wyk hy grootliks af van ouere historici wat dieselfde tydperk behandel het. Hy verwerp die eensydige metode van dr. W. J. Leyds as "apologeties" en nie objektief nie. Dr. Van Jaarsveld beskou die eenheidstrewe van die republikeinse Afrikaners as „die mees fundamentele en sentrale probleem in die geskiedenis van die republikeinse noorde" gedurende die tydperk wat hy behandel. Vir hom is die Vaalrivier tereg 'n onnatuurlike politieke grenslyn wat die twee Boere-republieke van mekaar geskei het. Hy bespreek die strewe van die twee dele om een te word en benadruk veral remmende faktore wat dit belet het, nl. „die geografiese politieke groepe wat met verloop van tyd 'n eie tradisie of geestelike inhoud opgebou het" asook die Britse beleid wat ten enemale gekant was teen eenwording van die twee republieke en dit in 1858 finaal skipbreuk laat ly het deur die dreigement van vernietiging van die konvensies van Sandrivier en Bloemfontein.

Die skrywer sien die eenheidstrewe ook as deel van 'n nog groter geheel en dit vind sy sin en betekenis in die samehang van die koloniale suide en die republikeinse noorde wat beide weer op hulle beurt met Engeland in samehang gestaan het. Hier stel hy die probleem veel wyer as wat tot dusver gebruiklik was. So sterk beklemtoon hy inmiddels die eenheidstrewe as faktor in ons geskiedenis dat hy dit slegs vanuit daardie standpunt wil verklaar. Maar juis by hierdie uitgangspunt lê die crux van die saak, want met miskien meer reg kan ewe maklik die bewering gemaak word dat die sentrale probleem van die Voortrekkers en die eerste geslag na hulle eerder was om hulle as 'n gemeenskap van blankes te handhaaf. Hulle strewe om 'n eenheidstaat op te rig was per slot van rekening slegs middel tot 'n doel. Terwyl die nasionale bewussyn, soos die skrywer tereg aanvoer, destyds nog nie sterk ontwikkel was nie, waarom dan die begeerte tot staatkundige eenheid? Myns insiens het die republikeinse Afrikaners van die tyd eerder bewus gestreef na orde in 'n Christelike samelewing. Dit is juis die merkwaardige by hierdie mense dat hulle, hoewel sonder noemenswaardige politieke en administratiewe ervaring en vry om as indiwidue hulle eie heil uit te werk sonder direkte Britse inmenging, tog van die staanspoor die begeerte openbaar om 'n ordelike samelewing te organiseer. Die pogings tot eenwording staan natuur-

lik in die nouste verband daarmee, maar 'n breër benadering van die onderwerp as die skrywer s'n is ook moontlik en miskien gewens.

Hoe dit ook al sy, dr. Van Jaarsveld het ons geskiedskrywing 'n diens bewys met hierdie werk en dit beslis verryk. Deur sy nuwe beskouinge het hy wel deeglik daarin geslaag om uit ou feite-materiaal iets nuuts op te bou. Hy wil in die eerste plek verklaar en nie net beskryf nie, en al verskil mens ook van hom, moet toegegee word dat hy 'n ryp insig in die geskiedenis het. Hy sal ons intussen nie kwalik neem nie dat ons sy herhaling van Theal se storie oor die vier republieke in Transvaal verwerp. Alles in ag geneem, is hierdie werk 'n bewys van die wye navorsingsveld wat nog braaklê selfs ten opsigte van bekende geskiedenis.

Dit sal bepaald interessant wees om die vervolg op hierdie deel te lees, veral vanuit die skrywer se standpunt wat hy aan die slot van sy probleemstelling uiteensit:

„Onder die eenheidstrewe van die republikeinse Afrikaners tussen die Oranje en Limpopo verstaan ons dié politieke beweging wat ontstaan het na aanleiding van die verdeling van 'n oorspronklike volksgeheel in twee, die Vaalrivier aangrensende state, waarvan die verloop bepaal is deur allerlei faktore van binne en buite wat direk of indirek, remmend of bevorderend daarop ingewerk het of werking na buite uitgeoefen het, sodanig dat alle kragte van die Suid-Afrikaanse geskiedenis op gegewe momente daaromheen gevleg was, en wat geëindig het in die vrywillige samegaan van beide state wat in 'n ongelyke stryd as 'n eenheid weerstand gebied het teen 'n gemeenskaplike vyand wat die onafhanklike voortbestaan in 1902 sou vernietig".

D. W. KRÜGER.